

Die Oorsprong van Ons Gesange

I. — DIE CHRISTELIKE KERKMUSIEK VOOR
DIE HERVORMING.

DIT is seker nie nodig om die lesers vir wie hierdie artikels bedoel is, daaraan te herinner dat voor die Hervorming alle Christene in Wes-Europa aan die Roomse Kerk behoort het en dat die Protestantisme en die spesifiek Protestantse kerkmusiekkultus vergeleke met dié van die Roomse Kerk betreklik jonk is nie. En tog kan 'n mens geen groter fout begaan as om jou die ontwikkeling van die Protestantse kerkgesange so voor te stel asof daar by die Hervorming vir eens en vir altyd volkome met die musiekkultuur van die Roomse Kerk gebreek is nie. Dit is 'n gemeenplaas dat nie alleen die hede verlede word nie, maar dat ook die wortels van die hede vas in die verlede staan en dat ons die hede eers kan begryp as ons dit teen die geskiedkundige agtergrond projekteer.

Rome is die geskiedkundige wieg van die Christelike Kerk: daar het die eerste Christene die vuurproef deurgemaak, daar het hulle gely en gestry, daar het hulle in die onderaardse labirinte, wat as die katakombes bekend is, hul eenvoudige dienste gehou en hul dierbares weer aan die aarde toevertrou; en so was hul geloof in 'n vleeslike opstanding dat hulle die lyke onder in die katakombes toegemessel het in plaas van hulle volgens heidense gebruike te laat verbrand. Daar is so baie sages aangaande die sendingwerk van die Apostels in Rome dat dit amper onmoontlik is om te sê hoeveel waarheid al daardie oorlewerings bevat. Nuut ontdekte kamers in die groot katakombes langs die Via Appia sou afdoende bewys dat Petrus daar aanbid het, en dit lyk taamlik seker dat Paulus werklik in die San Paulo-kerk en Matteus in die Santa Maria Maggiore begrawe lê. Hoe dit ook sy, Rome is vir die Protestant net sulke gewyde grond as vir die Katoliek.

Ons weet maar bloedmin van die musiek van die vroeër Christelike kerk, maar dit word algemeen aangeneem dat die musiek van die Joodse sinagoge dié van die Christelike kerk baie sterk beïnvloed het. Van die musiek van die ou Grieke weet ons ook so te sê niks, omdat daar nog nie 'n bevredigende noteskryf ontwikkel was nie. Maar juis daardie musiek moes ook grootliks tot die musiek van die eerste Christelike kerk bygedra het. Die jonger Plinius berig van die kerkgesange van die Christene dat die koor eenstemmig gesing het as simbool van die eendragtigheid van die kerk. Teen die jaar 200 brei die Christelike geloof al hoe meer uit en in 313 word dit die staatsgodsdienst. Reedom 360 word die eerste Germaanse volk bekeer. Kerkgesange, d.w.s. die „himnes,” word vir eers deur biskop Ambrosius uit die Ooste ingevoer en word gou populêr. Die liturgie of gesonge diens van die huidige Roomse Kerk en van die Christelike Kerk voor die Hervorming, is al in 440 deur pous Leo I in orde gebring. Sy werk is in 600 deur pous Gregorius voortgesit, en die soort musiek wat nou 'n groot opbloeit tegemoet gaan, is dus dikwels bekend as die Gregoriaanse gesang.

Die mis (Latyns: messa) of gesonge diens van die Roomse Kerk bestaan uit vyf dele, wat net deur die koor van mans en seuns gesing word. Die gemeente neem nie deel aan die diens nie, en 'n preek is 'n uitsondering en nie die gebruik nie. Die mis word in alle Katolieke lande in Latyn, die Katolieke kerktal nou sowel as Latyn, gesing. Niemand weet meer wie die Latynse woorde van die mis gedig het nie, en die toonsettings — of eenstemmig (Gregoriaans) of meerstemmig — van die woorde is feitlik legio. Die vyf dele is bekend as (1) die *Kyrie Eleison*, (2) die *Gloria*, (3) die *Credo*, (4) die *Sanctus* en (5) die *Agnus Dei*. Daar is niks spesifiek Rooms aan die woorde van die mis nie, en dit dra geen spoor van die Maria-kultus nie, wat eers mettertyd in die Roomse geloof ingesluip het. Ons begryp dus goed dat 'n oer-Protestantse komponis soos Bach ook die teks van die mis op musiek gesit het; sy B mineur-mis behoort tot die mees

en Psalms

deur

Dr. C. G. S. de Villiers

grootse komposisies op die hele gebied van die musiek.

Die Protestantse kerkgesange wys onmiskenbare tekens van die invloed van die mis en van die Latynse Katolieke himnes, wat egter nooit 'n groot rol in die Roomse Kerk gespeel het nie en deur die huidige outoriteite van daardie kerk hoogstens nog geduld word, vernaamlik nadat die gemeentelike gesang kentekenend geword het van die Protestantse dienste! Selfs in ons eie gesangboek skyn die mis soms deur, b.v. in ges. 163, „Looft God, laat ons Zijn naam ter eer.” Dié gesang word nie alleen op die wysie van die Duitse gesang „Allein Gott in der Höh' sei Ehr” gesing nie, maar ons beryming deur Van den Berg is maar 'n verwerking van die Duitse woorde, en die lente word as 't ware ingesleep.

Die oorspronklike Duitse woorde het 'n interessante geskiedenis. Die komponis Thomas Münzer (1489-1525) het in 1524 'n verduitsing van die Latynse mis uitgegee, en „Allein Gott in der Höh' sei Ehr” is dan die wysie vir die Duitse verwerking van die „Gloria in excelsis Deo.” Die weinig veranderde Protestantse vorm van Münzer se mis is o.a. deur Luther sterk afgekeur, maar dit het tog groot invloed op die Protestantse kerkgesang gehad. As selfstandige evangeliese gesang word „Allein Gott in der Höhe” in 'n platduitse gesangboek (1525) gedruk; hoogduits verskyn dit eers in 1539 in druk. Die digter word gewoonlik as Nikolaus Tech (Decius) aangegee, maar daar bestaan geen afdoende bewys daarvoor nie. Waar die wysie van die „Gloria” van Münzer se verduitsde mis vandaan kom, weet ons ewemin. Dit geld vir so baie Duitse gesange: komponis en digter is ten spyte van die pogings van die ywerigste ondersoekers nie bekend nie en sal seker ook nooit bekend word nie, en die musiek van sulke gesange word dan dikwels eenvoudig as „pre-Reformatories” aangegee.

Ek het die geskiedenis van „Allein Gott in der Höh'” taamlik volledig behandel omdat dit ongetwyfeld een van ons oudste gesangwysies en een van die populêrste is. Twee gesange word op dié wysie gesing: gess. 163 en 188; eersgenoemde is die lentegesang, wat nie naastenby so geliefd is in Suid-Afrika as die tweede nie. Die teks is ook effens te naïef en miskien vir 'n boerebevolking te „précieus.” Gesang 188 is 'n Nederlandse verwerking van een van die gesange van die Duitse gesangdigter C. C. Sturm (1740-1786) en is iur wyd en synd bekend. As begrafnisgesang is 't op amper net so gewild as „Stille rustplaas” (ges. 182), en saam met dié gesang het dit tot die; vir so kultuurgoed van ons volk geword en hetle geen vergesel in sy tye van vreugde en droefheanse op

Die Latynse „himnes” van die pre-Refo: van sy riese kerk het op die gesange van die Lvaar verkerk in Duitsland 'n groot invloed gehad, genl. van die bekendste Duitse verwerkings van die gesange is (1) die pragtige „Mitten wir Leben sind mit dem Tod verbunden” (Temia, ge- van die lewe is ons met die dood verbonde), van verwerking van die tiende-eeuse „Media vita in morte sumus.” Amper net so bekend is (2) „Christ ist erstanden” (12de eeuse „Surrexit hodie Christus”). Dit sou miskien maar 'n halwe waarheid wees as daar beweer sou word dat ons kerk geen Latynse gesange opgeneem het nie. Want ons gesange is deurtrokke van die gees en die musiekstyl van die pre-Reformatoriese mis en die Latynse himne.

Die offisiële kerkmusiek van die negehonderd jaar voor die Hervorming was van die tipe bekend as Gregoriaans, omdat pous Gregorius die Grote verantwoordelik was vir die sistematisering van die kerkmusiek. Dat die Protestantse koraal, waarvan later sprake sal wees, nie alleen sterk beïnvloed is deur die Gregoriaanse gesang nie, maar as 't ware as 'n derivaat daarvan beskou moet word, daarvoor spreek nie alleen die allernuutse ondersoekings aangaande die oorsprong van die kerkmusiek nie, maar ook die uitdruklike versekerings van Luther dat dit sy strewes om die kontinuïteit met die pre-Reformatoriese kerkmusiek te bestendig en vir die Hervormde Kerk te bewaar as kosbare erfstuk. Die eenheid van Roomse Gregoriaanse gesang en Protestantse gesang word van Katolieke weë ten volste erken deur 'n fyn Franse musiekkritikus soos Camille Bellaigue in sy opstel oor godsdienstige musiek in sy boek *Paroles et Musique*.

Die Gregoriaanse musiek was eenstemmig, d.w.s. die hele idee van harmonie, waaraan ons moderne ore so gewoond is, was heeltemal vreemd aan die Gregoriaanse gesang, en dit is kentekenend dat die eerste uitgawes van die gesange van die Calvinistiese sowel as van die Lutherse kerk ongeharmonieer was en eers later vierstemmig bewerk is. Die slepende, gedrae, versmaatlose styl van ons gesange is 'n direkte erfstuk uit die Gregoriaanse musiek. Die waardigheid, eenvoudigheid en plegtige nederigheid van ons gesange is almal karaktertrekke ook van die Gregoriaanse gesang, en dit kan tereg beweerd word dat die musiek van die Hollandse kerke in Suid-Afrika deur die Lutherse koraal en die Hugenotepsalm die kontinuïteit met die pre-Reformatoriese kerkmusiek, wat weer uit die ou Griekse en Hebreuse musiek oorsprong neem, bewaar het. As sodanig is ons kerkmusiek een van ons allerbelangrikste kultuurskatte wat die aandag van elke opgevoede Afrikaner verdien. Na bostaande kort uiteensetting van die middel-eeuse agtergrond van ons kerkmusiek, sal in 'n volgende artikel addisionele bronne van die eerste evangeliese gesange, soos by voorbeeld die volkslied, die destyds reeds bestaande Germaanse kerklied en veral die „Luther-lied,” aangestip word. Ek hoop dan om Luther aan die leser voor te stel as skeppende musikus en voorloper van die grootste komponis van alle tye: die protestant Johann Sebastian Bach.

weer tot verhaal te kom en die gebroke geleedere te herstel, het uiteindelik die oorlogskanse laat oorslaan ten gunste van die vyand.

Die steeds aangroeiende Britse strydmagte moes uiteindelik seëvier as die Boere-opperbevel nie gebruik maak van die gunstige geleentheid wat daar herhaalde male bestaan het om hom onskadelik te maak nie.

Op die 9de het Buller sy optog in die rigting van Colenso begin en op die 11de was die grootste gedeelte van sy leërmag in slagorde opgestel teenoor die uiterste linkervleuel van die Boere-magte aan die Tugela, suid en oos van Hlangwane, Green Hill en Monte Christo, wat al drie aan die suidekant van die rivier lê, swak beset was deur klein Boeremagte wat gevaar geloop het om van hul hoofmag ten noorde van die rivier afgesny te word in geval van 'n terugtog na Colenso. Buller sou nou sy vierde en laaste poging begin om deur te breek en Ladysmith te ontset.

gepraat is van 1652 af. Of 'n geslag wat so graag oor taalpsigologie in algemene taalkunde gesels tot hierdie spitswerk in staat is, is 'n ander vraag. Een ding is seker — as ons jong kunstenaars hulle nie van nou af voorneem om hulle by hul skeppende werk te bepaal en ons akademici by die beoefening van ons taal- en literatuurwetenskap nie, sal ons nooit die groot les van ons meesters leer nie, nl. van die globale na die besondere, van die ekstensiewe na die intensiewe, van uitbreiding na verdieping.